NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II

Tyd: 3 uur | 100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. In hierdie vraestel is daar TWEE afdelings:

   - Afdeling A: Letterkunde (Drama en Prosa)
   - Afdeling B: Transaksionele Skryfwerk

3. Beantwoord twee vrae uit Afdeling A en twee vrae uit Afdeling B.

4. In Afdeling A is daar een dramavraag (Vraag 1) wat jy moet beantwoord en vier prosavrae (Vraag 2, 3, 4 en 5) waarvan jy slegs een moet beantwoord.

5. In Afdeling B moet jy die eerste vraag (Vraag 6) beantwoord. Daarna moet jy óf Vraag 7 óf Vraag 8 beantwoord.

6. Lees die instruksies by elke vraag noukeurig deur sodat jy presies weet wat van jou verwag word.

7. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

8. Begin elkeen van die vier vrae boaan 'n nuwe bladsy in jou antwoordboek.

9. Let op die puntetoekenning van die verskillende vrae en beplan jou tyd daarvolgens.

10. Skryf netjies en duidelik leesbaar.

11. Skenk aandag aan taalversorging.

IEB Copyright © 2022

AFDELING A LETTERKUNDE

DRAMA

Instruksies vir dramavraag

- Hierdie vraag is verpligtend.
- Hoewel dit nie bepunt sal word nie, is deeglike beplanning uiters belangrik.
- Die vraag bestaan uit 'n stelling oor die drama waarop jy **argumenterend** in 'n mini-essay moet reageer.
- Jou inleiding moet duidelik aantoon of jy met die stelling saamstem of nie en ook jou hoofargument verwoord.
- Ondersteun jou argumente deurgaans met verwysings na en/of aanhalings uit die teks.
- Jou gevolgtrekking moet terugverwys na jou hoofargument en 'n duidelike slotsom gee.
- Bring die woordtal (ongeveer 400 woorde) onder jou mini-essay aan.
- 'n Nasienmatriks sal vir die assessering van jou mini-essay gebruik word.

VRAAG 1 *Die dag is bros* deur Wessel Pretorius

> "Die taalgebruik in *Die dag is bros* is uiters steurend. Veral by monde van die karakter, Brian, wat nie minder nie as tien keer die f-bom laat val. Sies! Gehalteteater behoort hoër standaarde as dít te hê. 'n Mens praat mos nie so nie!"
>
> – Anoniem

STELLING

Brian se **agtergrond** asook die **rol** wat hy in die drama *Die dag is bros* speel, vorm 'n sterk **teenstelling** met die **literêre wêreld** van Elsa van Zyl, eertydse dosent in Afrikaanse literatuur. Sy taalgebruik is daarom **gemotiveer en noodsaaklik vir karakterbeelding**.

Verwys in jou argument na onder meer die volgende:
- Elsa, Tertius en Irma se taalgebruik in teenstelling met dié van Brian.
- Brian as produk van sy sosio-ekonomiese omstandighede en as jeugmisdadiger.
- Die dramatiese handeling.

Jou gevolgtrekking (en <u>net</u> jou gevolgtrekking) moet aantoon of swak taalgebruik wel 'n plek in teater het.

[30]

IEB Copyright © 2022

PROSA

Instruksies vir prosavraag

- Twee vrae word oor elk van die twee voorgeskrewe romans gestel waarvan jy slegs een vraag moet beantwoord:
  Óf Vraag 2 óf Vraag 3 (oor *Die verevrou* – Jan van Tonder)
  Óf Vraag 4 óf Vraag 5 (oor *Die dag van die Lord* – Johan Kruger)
- Hoewel dit nie bepunt sal word nie, is deeglike beplanning uiters belangrik.
- Jou inleiding moet reeds duidelik aantoon wat die uitgangspunte van jou opstel is.
- Ondersteun stellings deurgaans met verwysings na en/of aanhalings uit die teks.
- In jou gevolgtrekking moet jy terugverwys na jou hoofargument en telkens die verwagte inhoud, soos aangedui by elke vraag, aanspreek.
- Bring die woordtal (ongeveer 600 woorde) onder jou literêre opstel aan.
- 'n Nasienmatriks sal vir die assessering van jou literêre opstel gebruik word.

VRAAG 2 *Die verevrou* deur Jan van Tonder

Volgens die **paternalisme** is vroue die swakker geslag en daar moet na hulle omgesien word. Mans se onafhanklikheid word beklemtoon terwyl vroue afhanklik is van mans.

Dit mag dalk vandag moeilik wees om te verstaan waarom die **feministiese beweging** ooit nodig was. Die meeste mense aanvaar dit as vanselfsprekend dat vroue en mans **gelyke behandeling** moet ontvang, **dieselfde opvoeding** moet geniet en **gelyke geleenthede** moet hê. Maar juis omdat dit vandag so vanselfsprekend is, staan 'n mens verstom wanneer jy agterkom presies **hoe ongelyk vroue tot onlangs nog was**. Suid-Afrika het eers in 1994 'n demokratiese grondwet en regering gekry. Saam met die bevryding en gelykmaking van mense van alle rasse het die gelykmaking van die geslagte ook 'n groot hupstoot gekry.

[Bron: <https://af.wikipedia.org/wiki/Feminisme>]

OPDRAG

Bespreek in 'n literêre opstel of *Die verevrou* as 'n **feministiese teks** gelees kan word. Verwys in jou bespreking na ten minste VIER karakters.

In jou gevolgtrekking moet jy aantoon of jy glo dat die roman eerder geskik is vir vroulike lesers en of manlike lesers ook by die teks aanklank kan vind.

[30]

OF

VRAAG 3 *Die verevrou* deur Jan van Tonder



"Die titel [en die voorblad] is die drumpel tot die teks." – André P. Brink

OPDRAG

Skryf 'n literêre opstel oor **VIER temas** en/of **motiewe** wat deur die **voorblad** EN **titel** geaktiveer word en wys hoe hierdie temas en/of motiewe tot die **spanningslyn** in die roman bydra.

In jou gevolgtrekking moet jy duidelik aantoon waarom die voorblad en titel na jou mening **geslaagd** is en of **alternatiewe** dalk 'n sterker indruk by lesers sou laat.

[30]

OF

VRAAG 4 *Die dag van die Lord* deur Johan Kruger

Die hoofkarakter in 'n *spanningsverhaal* is geen professionele speurder nie, maar eerder 'n persoon wat (a) **'n nagmerrie beleef nadat iemand wat na aan haar of hom gestaan het, vermoor is**. Hierdie subgenre konsentreer nie op intellektuele vaardighede nie, maar op die (b) **gevoelens en emosies van die hoofkarakter** wat onverwags deur 'n misdaad geraak word. Anders as die professionele speurder kry sy of hy nie die geleentheid om die situasie van buite af en objektief te beredeneer nie en (c) **moet buite haar of sy vertroude verwysingsraamwerk beweeg** en (d) **nuwe vaardighede aanleer** om te kan oorleef en seëvier.

[Bron: Aangepas uit <https://af.wikipedia.org/wiki/Misdaadroman#Speurverhaal_en_spanningsroman>]

OPDRAG

Bespreek in 'n literêre opstel waarom *Die dag van die Lord*, na aanleiding van die vetgedrukte woorde (a) tot (d) hierbo, as 'n **spanningsverhaal** gelees kan word.

In jou gevolgtrekking moet jy aantoon of jy glo dat hierdie roman eerder geskik is vir manlike lesers en/of vroulike lesers ook by spanningsverhale soos dié aanklank kan vind.

[30]

IEB Copyright © 2022

OF

VRAAG 5 ***Die dag van die Lord*** **deur Johan Kruger**



"Die titel [en die voorblad] is die drumpel tot die teks." – André P. Brink

OPDRAG

Skryf 'n literêre opstel oor **VIER temas** en/of **motiewe** wat deur die **voorblad** EN **titel** geaktiveer word en hoe hierdie temas en/of motiewe bydra tot die **spanningslyn** in die roman.

In jou gevolgtrekking moet jy duidelik aantoon waarom die voorblad en titel na jou mening **geslaagd** is en of **alternatiewe** dalk 'n sterker indruk by lesers sou laat.

[30]

60 punte

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

VRAAG 6 VERPLIGTE VRAAG – OOGGETUIEVERSLAG

Saterdagoggend was daar 'n diefstal by die plaaslike Clicks. Volgens die CCTV-kameras was jy in die winkel toe vier pakke USN-liggaamsbouproteïenaanvullers gesteel is. Drie kinders van jou skool is tans by die polisie vir ondervraging.

Die volgende inligting is aan jou bekend:

- Jy was om 10:45 by die Clicks om voorskrifmedikasie vir jou migraines te koop.
- Drie leerders van jou skool, Alicia Booysen (14), Jaco du Plooy (15) en Kevin Anderson (13), is Maandagmiddag na skool deur die polisie op 'n aanklag van diefstal gearresteer.
- 'n Pakker by Clicks het Saterdagoggend agter hulle aangehardloop nadat hulle by die Clicks uitgestap het. Een van hulle het 'n geel sweetpak gedra.
- Jaco du Plooy is kaptein van die onder 15A-waterpolospan.
- Kevin Anderson is 'n skaakgenie en speel gereeld in nasionale kampioenskappe.
- Alicia Booysen is 'n gemiddelde hokkiespeler, maar haar groot droom is om eendag vir die eerste span te speel.
- Op die CCTV-kamera kan 'n mens duidelik sien hoe drie kinders voor die rak met sjokolade staan en hoe een van hulle vier Toblerones en 'n handvol Chomps in een van hulle rugsakke druk.
- Die bestuurder van Clicks, me Sandy Peterson, het al hoeveel keer by die polisie gekla oor diefstal deur skoolkinders.
- Me Peterson is 'n ouer van 'n tweeling by julle skool. Haar dogters is in Graad 9.
- Saterdagmiddag tydens sluitingstyd (om 13:00) het die bestuurder ontdek dat vier pakke USN-liggaamsbouproteïenaanvullers verdwyn het.
- Die eienaar het dadelik die CCTV-kameramateriaal ondersoek en gesien hoe drie kinders om die beurt by die rak met sportaanvullers verbyloop, maar die kamerahoek maak dit onmoontlik om presies te sien wat daar gebeur.
- Alicia Booysen het Saterdag 'n geel sweetpaktop by 'n skoolbraai aangehad.
- Julle is huisvriende met Jaco se gesin.
- Alicia het onlangs by jou kleinboet afgeskryf en hom in groot moeilikheid laat beland.
- Jy ken eintlik glad nie vir Kevin nie, maar weet sy ma dien op die beheerliggaam van die skool.

OPDRAG

Skryf 'n ooggetuieverslag vir die polisie waarin jy beskryf wat JY daardie Saterdagoggend beleef het.

BELANGRIK

- Jou verslag moet ongeveer 250 woorde beslaan. Skryf jou woordtal onderaan jou teks.
- Gebruik die inligting (hierbo) wat jy self kon waarneem en wat tersaaklik is vir die insident. Jy mag ander detail (wat nie hierbo genoem word nie) byvoeg om jou ooggetuieverslag aan te vul.
- Die styl is saaklik en die toon is ernstig.

[20]

IEB Copyright © 2022

EN

Beantwoord VRAAG 7 of VRAAG 8 oor die teks hieronder.

Jou vriend(in) Janie/Jannie Bosman wil aansoek doen vir 'n deeltydse werk as kelner by 'n bekende restaurant. Sy/hy het die volgende curriculum vitae (voortaan CV) opgestel, maar sukkel om die dekbrief/aansoekbrief te skryf.

Curriculum vitae – Janie/Jannie Bosman

PERSOONLIKE BESONDERHEDE:

Volle naam:	Janie/Jannie Bosman
Huisadres:	Grietstraat 14 Rosekranzville 4278 Suid-Afrika
Telefoonnommer:	(037) 98459665 (huis) (061) 6032300 (selfoon)
E-pos:	j.bosman33@gmail.com
Geboortedatum:	3 Februarie 2004 (18 jaar oud)
Nasionaliteit:	Suid-Afrikaans
Tale:	Afrikaans, Engels en isiZulu (ek praat, lees en skryf al drie tale)

ONDERRIG

2010–2016

- Laerskool Karelse

2017–2022

- Hoërskool Blomveld, IEB-matriek met onderskeidings in Afrikaans, Lewenswetenskappe en Toerisme.
- Merietetoekenning vir akademiese prestasie in Graad 9, 10 en 12.

LEIERSKAP

- Klasleier (Graad 8 en 10)
- Skoolprefek (Graad 12)

WERKSONDERVINDING

2017–2020:	vrywilliger by die DBV – twee Vrydagmiddae per maand
2021–2022:	kelner by verskeie skoolgeleenthede
2022:	kelner by Curry & Cumin Caterers (spyseniers) – 1 × per maand
2020–2022:	skoolkoerant (joernalis en bladuitleg)

REKENAARVAARDIGHEID

Ek is rekenaarvaardig in Microsoft Office en Indesign

SPORT EN KULTUUR

- Skoolorkes (saksofoon) van Gr. 8–11
- Skoolkoor van Gr. 8–10
- Hokkie onder 13 – onder 17A-span
- Muurbal – A- en B-spanne van onder 13 tot onder 17
- Atletiek – Interhoër aflosspan (van Gr. 8 –12)
- Tennis – sosiaal

ANDER BELANGSTELLINGS EN STOKPERDJIES

- Valskermspring
- Jojo's versamel
- Kook

IEB Copyright © 2022

VRAAG 7 KEUSEVRAAG – DEKBRIEF/AANSOEKBRIEF BY CURRICULUM VITAE

Jy weet dat 'n goeie dekbrief/aansoekbrief die bestuurder se aandag sal trek en sodoende sal verseker dat jou vriend/vriendin se CV nie in die snippermandjie beland nie.

OPDRAG

Skryf Jannie/Janie se dekbrief/aansoekbrief wat per e-pos saam met sy/haar CV aan die restaurant-bestuurder gestuur sal word.

BELANGRIK

- Die dekbrief/aansoekbrief se inhoud moet ongeveer 250 woorde beslaan. Skryf die woordtal onderaan jou e-pos.
- Die toon en styl moet entoesiasties, dog ernstig en tersaaklik wees.

[20]

OF

VRAAG 8 KEUSEVRAAG – KLAGTEBRIEF

Jannie/Janie het nie die werk gekry nie en voel dat hy/sy onregverdig behandel is.

OPDRAG

Skryf 'n klagtebrief aan die restauranteienaar waarin jy (Janie/Jannie) jou ontevredenheid hieroor uitspreek. Die klagtebrief sal per e-pos gestuur word.

BELANGRIK

- Die klagtebrief se inhoud moet ongeveer 250 woorde beslaan.
- Die toon en styl moet jou teleurstelling weerspieël, maar moet steeds ernstig en beleefd wees.

[20]

40 punte

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2022